foundation for
alcohol related research

Maak ‘n verskil! Kersfees in ‘n Skoenboks

FARR streef daarna om ‘n positiewe toekoms in die gemeenskap van De Aar te help bou. Soos in die verlede, wil FARR graag ons kliënte aanmoedig deur vir elkeen ‘n Kersgeskenk te gee en hiervoor het ons u hulp nodig. FARR wil hierdie Kersgeskenke aan behoeftige mense in een van die volgende kategorieë gee:

- Swanger vrouens of mamma met ‘n baba
- Kinders tussen die ouderdomme van 3—17 jaar.

Aangesien FARR aan elkeen ’n gelyksoortige geskenk wil gee, neem ek die vrymoedigheid om die volgende riglyne te gee:

1. Kry ‘n naam:
   Besluit hoeveel persone jy wil verras en kies ‘n kategorie uit die bogenoemde opsies. Kontak Lian-Marie by Ld@farrsa.org.za of 082 7161410 vir ‘n naam(e)

2. Pak ‘n pakkie:
   Ons wil graag vir elkeen ‘n geskenk gee wat min of meer dieselfde grootte en inhoud het. Pak asseblief een item uit elkeen van die volgende afdelings in ‘n medium grootte skoenboks.

2.1. ‘n Speelding toepaslik vir die ouderdom van die kind / pasgebore baba: byvoorbeeld: ‘n tennisbal/ klein plastiekbal; yo-yo; poppie: karretjie; vinger- / handpop; boublokkies; ratel; ringe op ‘n stokkie (vir baba’s); inmekaarpas koppies (nesting cups).

2.2. Iets om te doen (opvoedkundig): ‘n Inkleurboek; notaboek; prenteboek; legkaart; opvoedkundige speletjie, potlode; skerpmaker; uitveër; vetkryt; penneblikkie; klei; plakkers.

2.3. Klere: Byvoorbeeld ‘n T-hemp; kortbroek; rok; trui, pajama’s; serp; hoed/keps; sokkies; skoene.

Selfsorg Item: <u>Elke boks moet asseblief die volgende insluit</u>: Tandeborsel en –pasta; seep en waslappie. Die volgende items is opsioneel, as daar nog plek is: deodorant; sjampoo; lyfroom; grimering; haarknippies; sierjuwele; ens.

3. Versier die pakkie:
Nou vir die pret! Versier die pakkie met helderkleurige geskenkpapier of vra jou kinders om iets daarop te teken. Moet asb nie vergeet om die kind of swanger vrou **se naam in die regterkantste boonste hoek te skryf nie.**

4. Lewer die pakkie af:
Bring asseblief jou pakkie voor 30 November 2014 na die FARR Hoofkantoor (Amber Place, 42 Bloemhofstr, Bellville, Kaapstad) of Wentworth Straat 6; Sunrise; De Aar. So kan jy dit afhandel voor die skole sluit en ons kry kans om seker te maak dat elkeen ‘n geskenk sal ontvang voor ons Kerspartytjie op 23 & 24 Desember 2014

Mag jy hierdie Kersfees die vreugde van GEE geniet!